


**PLAASINLIGTING**



**LIGGING:** Eendekuil, Wes-Kaap

**NAAM:** Sorgvliet

**GROOTTE:** 1 500 ha

**EIENAARSKAP:** Alleeneienaar

**VERTAKKINGS:** Dohne-Merinostoetery, kommersiële Dohne-kudde, voerkraal, koring, kanola en lupiene

**GRONDTIPE:** Leemsand

**WEIDING:** Hawer, gars, bitterlupiene

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 300 mm per jaar

**KORTOM**

- Oesreste is die goedkoopste manier om verdamping te beperk en reënwater in die grond te laat absorbeer.
- Die moderne planter is 'n waardevolle instrument vir vogbewaring, want 'n boer kan deur dikker plantreste plant.
- Die opbrengsverskil tussen die beste en die swakste kultivar is 500 kg/ha tot 700 kg/ha.

# Kanola: 'Elke dag van groei tel'

Dié bekroonde kanolaboer sorg vir genoeg vog in sy grond sodat sy opbrengs nie hoef terug te staan vir gebiede met gunstiger groeitoestande nie. Hy kan ook vroeër en in droër toestande plant.

Mnr. Izak Smit van die plaas Sorgvliet, Eendekuil, het verlede jaar vir die tweede jaar agtereenvolgens die afdeling vir die beste opbrengs per millimeter reënval in die Proteïennavorsingstigting (PNS) se kanolakompetisie gewen.

Dit het hy reggekry toe hy 7,094 kg graan per millimeter reën (15 Maart tot oestyd) geoes het.

Die PNS-kanolakompetisie bestaan uit drie afdelings: hoogste opbrengs, beste marge en die beste opbrengs per millimeter reën.

Dit is veral laasgenoemde kategorie wat boere se aandag trek omdat dié afdeling die speelveld vir kanola-verbouing tussen die reënvalstreke met hoë en lae potensiaal meer gelyk maak. Hier kos dit vernuf en die beste praktyke om uit te blink, glo hulle.

Izak produseer die ál gewilder oliesaadgewas besonder suksesvol in 'n gebied wat dikwels nog verkeerdelik as té riskant be-



**LINKS:** Danksy minimumbewerking en dekgewasse vergelyk kanolaproduksie op Sorgvliet, in die meer riskante noordwestelike Swartland, baie goed met produksie in die meer reënryke suidelike Swartland.

**LINKS:** Mnr. Izak Smit het al twee jaar agtereenvolgens die afdeling vir beste opbrengs per millimeter reënval in die PNS-kanolakompetisie gewen. In dié afdeling is dit die regte tegnieke en vernuf wat boere laat uitblink.

> 'Die opbou van organiese materiaal geniet voorrang bo bykans enige ander take op my plaas.'

skou word. Eendekuil, in die noordwestelike Swartland, kry gemiddeld minder as 300 mm reën per jaar. Sowat 80% daarvan val van April tot Oktober. Hy plant kanola in wisselbou met kleingraan en lupiene in dié gebied se kenmerkende sanderige grond met 'n lae waterhouvermoë.

Izak se welslae bewys egter die regte tegnieke is steeds bobaas en betaal in harde kontant. In verlede jaar se seisoen het sy kanola sowat 2,32 t/ha en 'n bruto marge van R6 711/ha gelewer.

Dit vergelyk baie goed met dié van mnr. Boet le Roux van Hermon. In die meer reënryke suidelike Swartland met sy hoër potensiaal was sy opbrengs 2,54 t/ha, wat hy teen 'n bruto marge van R7 065/ha geproduseer het. Boet het die afdelings vir opbrengs en bruto marge gewen.

Izak, 'n voormalige landbou-raadgewer, pas al 20 jaar lank deklaag- en minimumbewerking toe nadat hy eerstehands gesien het hoe dié stelsel Suid-Kaapse boere bevoordeel (selfs in die riskante distrik Albertinia).

## OESRESTE BEWAAR VOG

Vir Izak het die korrekte hantering van oesreste 'n voorrangsaak geword, danksy die deklae se vermoë om vog te bewaar. Sy doelwit is om die grootste hoeveelheid plantreste op die lande as digte deklae agter te laat. Daarvoor moes hy die regte planter kry.

"Al die plantreste in die wêreld help jou net mooi niks as jy nie daardeur kan plant nie," sê hy.

"Die moderne planter (Izak wou nie die naam verstrek nie ter wille van onpartydigheid) is 'n waardevolle instrument, ook vir vogbewaring. Dit vergemaklik bewerking aansienlik, vergeleke met 20 jaar gelede. Die werktuig plant eenvoudig meer suksesvol deur dikker lae plantreste as sy voorgangers. Ons kan dus nou tegelyk genoeg plante in die grond bewerkstellig en soveel moontlik plantreste op die grond laat."

In hierdie stadium glo Izak nog in 'n tandplanter. "Waar ek woon, het ons ligter grondtipes. Ons wil graag relatief diep onder die saad werk, sonder om die grond te veel te versteur."

As plantreste wél probleme, soos verstopping, veroorsaak, is sy raad dat dit eers met skape tot 'n hanteerbare vlak bewei word. Hy sien dit as 'n allerlaaste uitweg om stoppels te brand, want dit is 'n verkwisting van 'n waardevolle hulpbron.

Die stroper verteenwoordig nóg 'n fase van stoppelhantering. Dit moet met 'n goeie kerwer en uitstrooier toegerus wees sodat die strooi egaliger oor 'n wye gebied versprei kan word.

"Die opbou van organiese materiaal geniet voorrang bo bykans enige ander take op my plaas," sê Izak. "Dit is die goedkoopste en mees praktiese manier om op lang termyn die indringing van reënwater aan te moedig en verdampingsverliese te beperk."

Opvolggewasse vind ook baat daarby en die algemene toestand en vrugbaarheid van sy grond verbeter voortdurend.

Izak kan nou vroeër en in droë grond plant sonder om die kwaai kluitbreking van die verlede te ervaar. Maar dit verg geduld en tyd – minstens tien jaar – voor 'n mens die voordele sien. "Kanola beloon jou darem goed vir sy toegedeelde porsie water," sê Izak.

Gewoonlik begin planttyd eers die eerste week in Mei, maar danksy goeie reën verlede jaar op 25 Maart (27 mm) en 1 April (10,5 mm) kon hy al in die laaste week van April plant. Die eerste winterreën (16 mm) het kort daarna, op 9 Mei, geval. In hierdie gebied is dit 'n seldsame gebeurtenis, wat onmiddellik benut moet word as die kans hom voordoen.

"Elke dag waarop die gewas kan groei, moet tel," verklap Izak een van sy geheime oor kanolaverbouing.

## KIES DIE REGTE KULTIVAR

Daar is maklik 'n opbrengsverskil van 500 kg/ha tot 700 kg/ha tussen die beste en swakste kultivars, glo hy. Tans verkies Izak Hyola 555TT, want sodoende kan hy breëblaaronkruid en grasonkruid bekamp. Dit is 'n groot behoefte in die Swartland. ▸

**LBW VRA ...**

**MNR. IZAK SMIT**

**WATTER TEGNOLOGIE IS ONONTBEERLIK OP JOU PLAAS?**
Volgens my is 'n planter die eerste ding waaraan jy moet aandag gee. Dit voeg soveel waarde toe. 'n Planter gebruik kunsmis baie doeltreffend, plaas saad akkuraat en jy kan diep onder die saad losmaak sonder om die grond te veel te versteur.

**WIE IS JOU MENTOR?**
My pa, Piet Smit, het my geleer om konserwatief te boer sonder om die geleenthede mis te loop. Ek het voorheen by Kynoch gewerk waar die vorige hooflandboukundige, mnr. Duke Metcalfe, my baie van die werking van kunsmis en plante geleer het.

Dit word algemeen aanvaar dat die tri-asienbestande kultivars laer opbrengste as sommige van die ander hoog produserende kultivars lewer. Izak glo egter Hyola 555TT en ander hoëpotensiaal- TT-kultivars vaar die beste in sy plaastoestande.

Hyola 555TT het 'n korter stamlengte as ander kultivars, maar dit is 'n robuuste groeier wat nie sommer omval nie. Dit vergemaklik die oesproses. Izak sny nie vooraf plat nie, maar oes regstreeks.

Hy plant die saad teen 'n digtheid van 3,5 kg/ha tot 4,5 kg/ha. Dit mag te dun lyk, maar Izak sê teen digter plantstande is die stamme te dun. Sulke plante produseer klein pitte, wat groter oesverliese kan beteken.

Om saad met insekdoder te behandel, is ook op Izak se "moet doen"-lys. Hy doen dit om veral sandmyte te bekamp wat aan die saailinge vreet en hul groeikrag knel.

Hy behandel die saad met 'n mengsel van spoorelemente en wortelstimulante om die kanola-opbrengs te verhoog. Sowat 40 dae tot 60 dae nadat die plante opgekom het, spuit hy ook spoorelemente as blaarvoeding.

'n Peulplant, soos kanola, het molibdeen en boor nodig, daarom voeg Izak dit by die basiese spoorelemente in die behandeling.

Izak kry ook goeie reaksie met groeistimulante wat die hormone sitokiniene en ouksiene bevat. Dit stimuleer wortelontwikkeling sodat die plante droogtes beter kan deurstaan. Dit is deel van die spoorelement-mengsel.

Hy dien 22 kg stikstof, 11 kg fosfaat en 6 kg kalium per hektaar toe as hy die saad vestig. Izak is 'n groot voorstander van kunsmis wat swawel bevat waar tekorte voorkom. Hy gebruik 'n mengsel met 'n relatief hoë swawelinhoud (3 kg/ha tot 4 kg/ha) met vestiging. Dié kunsmis is deesdae meer algemeen beskikbaar.

Sowat 30 dae tot 40 dae nadat die plante opgekom het, dien hy die eerste keer bobemesting toe. Hy sluit ook swawel by die mengsels in, maar verkies nitraat pleks van ureum omdat dit vinniger in opneembare stikstof omgeskakel word. In die "sterker" gronde van die Rooi Karoo kan ureum egter goeie resultate lewer. Na gelang van reëntoestande word 'n soortgelyke kunsmismengsel as 'n tweede bobemesting in die vroeë blomtyd (60 dae ná vestiging) toegedien.

## ONKRUIDBESTRYDING

Met die bekamping van onkruid probeer Izak weerstandbiedendheid vroeg hokslaan. Kanola is sy belangrikste eenjarige wisselbougewas, juis omdat hy weerbarstige onkruid so kan bestry. Hy kan hoër dosisse simasien by kanola as by lupiene gebruik en atrasien dien ook as alternatief.

Sy strategie is om grasonkruide in die kanola-fase en breëblaaronkruid in die graanfase doeltreffend te bestry. In ideale vogtoestande bekamp Izak onkruide reeds voor vestiging.

Aangesien hy 'n TT-bestande kultivar plant, word 'n onkruiddoder met simasien as aktiewe bestanddeel gebruik. Dit word as 'n mengsel met 'n glifosaatbevattende onkruiddoder voor planttyd toegedien.

Dit lyk of simasien in droë toestande minder doeltreffend is. As dit dus lyk of die kanola in droër toestande gevestig gaan word, vervang hy die simasien-bespuiting met 'n latere atrasien-bespuiting. Sodra die saailinge die drieblaarstadium bereik, spuit hy atrasien (op TT-kultivars) teen 'n dosis van 1 kg/ha.

Gras wat oorleef, word ongeveer 30 dae tot 40 dae ná opkoms met 'n selektiewe grasdoder uitgespuit. **LBW**

*Kobus van Tonder is 'n vryskutjoernalis.*

NAVRAE: Izak Smit, sel **082 523 9821**, e-pos: **sorgvliet@patat.za.net**.







